Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

AKADEMIE

24 Maart 2020

Geagte ouers

Na aanleiding van vorige kommunikasie oor afhaal van werkkaarte en skrifte, bevestig ons dat ons in fases werk om seker te maak dat almal die geleentheid het om die skrifte (boeke) en werk by die skool af te haal, terwyl ons kontak tussen mense verantwoordelik bestuur.

Fase 1: 25 tot 26 Maart

- Afhaal van skrifte en werkkaarte vir die hele tydperk (in harde kopie) vir **Graad R tot 3**.
- Afhaal van **Graad 4 tot 7** skrifte wat nog by die skool is.
- Al bogenoemde kan op tye afgehaal word soos reeds gekommunikeer.

Fase 2: 31 Maart – Onderrig vir Graad 4-7

- Laerskool Louis Leipoldt het die innoverende sprong gemaak om ons onderrig te verryk met e-learning bronne. Ons verkose platform is die Moodle Learner Management System en word aan ons gebied deur InternetLearning. Hierdie platform sal operasioneel gereed wees op 31 Maart.
- Deur registrasie op Moodle, gaan Gr 4-7 leerders toegang hê tot lesplanne (daaglikse beplanning), werkkaarte en Wiskunde video's, wat deur die skool opgelaai gaan word.
- InternetLearning sal vir ons 'n video beskikbaar stel wat verduidelik hoe elke leerder geregistreer moet word, wat die eerste stap sal wees om te begin en hoe om die e-learning ten volle te benut
- Die skool sal hierdie video deur middel van 'n skakel (*link*) aan die ouers stuur.
- Vakke wat op die platform gedek gaan word, is Wiskunde (video's), Afrikaans HT, Engels FAL, NW(T), SW, PSW en Gr 7 Lewensoriëntering, Tegnologie en EBW. Die ander afdelings van Lewensvaardighede en Kuns&Kultuur (Gr7) is grotendeels prakties en inligting gaan slegs geplaas word as teorie gedek moet word.

Huidige impak van beplande 'Lock down' op onderrig en skool:

Soos u weet, het hierdie situasie 'n onverwagse impak op alle sisteme, so ook op ons as skool. As land en skool het ons nog nooit met hierdie tipe krisis te doen gehad nie en vra dit vinnige besluitneming en aksie op verskeie vlakke. As bestuur en personeel van Louis Leipoldt doen ons 'n beroep op u as ouer om u kinders te motiveer en te ondersteun in hierdie nuwe manier van leer en onderrig.

U ondersteuning en insig in 'n nuwe en uitdagende seisoen gaan deurslaggewend wees. Wees verseker dat ons alles in ons vermoë doen om seker te maak dat ons leerders die werk baasraak en daarom indringende hersiening van al die werk sal doen sodra die skool weer normaal kan voortgaan.

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za

Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

Nuttige wenke:

1. Skep ‘n gestruktureerde werksomgewing in die huis waar leerders by ‘n tafel kan sit en werk.
2. Verseker dat hulle die nodige skryfbehoeftes het.
3. Roetine bring sekuriteit en voorkom spanning. Dit is daarom belangrik om ‘n werksrooster, soortgelyk aan die klasrooster saam met u kind uit te werk. Op hierdie manier neem hulle eie verantwoordelikheid en raak hulle entoesiasties oor hulle eie ‘huisskool’.
4. Dit gaan belangrik wees om werk te kontroleer en te hou by die lesplanne. Bespreek saam met u kind die gevolge van werk wat nie betyds afgehandel is nie, bv minder speeltyd.
5. Maak seker dat daar genoeg tyd is om te ontspan en aktief te wees.
6. Beplan saam as gesin aan kwaliteit tyd en ontspanning.
7. Onthou dat kinders baie sensitief is vir spanning en maklik beleef dat hulle die oorsaak daarvan is. Dis nou noodsaaklik om op te bou, aan te moedig, openlike gesprekke te hê en te fokus op feite in plaas van fopnuus.

As skool en gemeenskap staan ons saam in eenheid en sien ons uit om te sien wat ons uit hierdie ervaring gaan leer.

Ons waardeer u ondersteuning en gebede. Wees veilig en geniet hierdie tyd saam as gesin.

Leipiegroete

Pieter Ferreira
Hoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • Posbus 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za